



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

DANSSTUDIES

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
 - AFDELING A – Geskiedenis
 - AFDELING B – Musiek
 - AFDELING C – Anatomie en Gesondheidsorg
2. Lees die hele vraestel noukeurig deur, voordat jy dit beantwoord.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Laat DRIE reëls oop na elke VRAAG.
5. Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.
6. Die punte word NIE volgens die beginsel van 'een punt per een feit' toegeken nie, maar volgens die gehalte van jou antwoord.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: GESKIEDENIS**VRAAG 1**

- 1.1 Skryf 'n inleiding in jou joernaal waarin jy jou kennis van die funksie van improvisasie, van jou choreografie, verduidelik. (4)
- 1.2 Noem en **verduidelik** DRIE choreografiese elemente wat jy kan gebruik in jou choreografie. (6)
- 1.3 Gee idees van hoe jy die volgende teaterelemente in jou choreografie sal gebruik.
- 1.3.1 Musiek (2)
- 1.3.2 Rekwisiete en kostuum (2)
- 1.3.3 Dekor ontwerp en beligting (2)
- 1.3.4 Tegnologie (2)
- 1.3.5 Teks (2)
- [20]**

VRAAG 2

Kies EEN van die voorgeskrewe INTERNASIONALE CHOREOGRAWAWE en hul danswerk wat jy hierdie jaar bestudeer het van die lys hieronder en SKRYF 'n BRIEF aan 'n vriend/vriendin waarin jy hom/haar daarvan vertel. Sluit die volgende inligting in:

- 2.1 Titel van die danswerk en die choreograaf. Beskryf die choreograaf se agtergrond en opleiding. (5)
- 2.2 Wat het Bruce geïnspireer om '*Ghost Dances*' te choreografeer? (3)
- 2.3 Noem die komponis/kunstenaars, musiek genre/styl of begeleiding soos gebruik in hierdie danswerk. Beskryf die dekor ontwerp en kostuums wat gebruik word. (6)
- 2.4 Beskryf kortliks die dansstyle soos gebruik in hierdie danswerk. (2)
- 2.5 Volgens jou mening, wat is die relevansie/belangrikheid van hierdie danswerk? (2)
- 2.6 Geskryf in 'n brief formaat. (2)
- [20]**

HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE

INTERNASIONALE CHOREOGRAWE	DANSWERKE
George Balanchine	<i>Appollo or Agon</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Appalachian Spring or Lamentation</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers or Rooster</i>
Marius Petipa and Lev Ivanhof	<i>Swan Lake (Swanemeer)</i>
Vaslav Nijinski	<i>Le Sacre du Printemps</i>
Paul Taylor	<i>Esplanade</i>

VRAAG 3

In hierdie vraag mag jy NIE oor 'n dans van die voorgeskrewe lys skryf NIE.

- 3.1 Skryf 'n artikel vir 'n Afrika kunste tydskrif en verduidelik hoe die opvoering van 'n inheemse Suid-Afrikaanse dans met 'n teatrale agtergrond op 'n verhoog verskil met die uitvoering daarvan in sy oorspronklike konteks in die gemeenskap.
- 3.1.1 Gee jou artikel 'n gepaste ('catchy') titel en noem die inheemse kulturele dans waarvan jy geleer het. (2)
- 3.1.2 Beskryf die dans en die tipe rituele van die gebeurtenis en verwys na die simboliek soos in die dans gebruik. (8)
- 3.1.3 Vergelyk die doel van die uitvoering van die dans in TWEE verskillende opsette – teater en kultureel. (5)
- 3.1.4 Onthou om jou antwoord in die vorm van 'n artikel te skryf. Moet nie nommering gebruik nie. (1)
- 3.2 Verduidelik VIER algemene elemente soos aangetref in rituele danse. (4)
- [20]**

VRAAG 4

Jou skool staan op die punt om 'n toekenning vir R5 000,00 van die regering te kry wat aangewend moet word vir 'n opheffingsprojek vir jong mense in jou gemeenskap of skool.

Skryf 'n voorlegging aan jou skoolhoof waarin jy motiveer hoekom die geld/toekenning vir die Dansstudies departement gegee moet word. Sluit die volgende in jou voorlegging in:

- 4.1 'n Duidelike uiteensetting van hoe hierdie geld gebruik sal word vir die opheffing van die jong mense.
- 4.2 Gee redes wat die voordele vir die deelnemers/jongmense sal wees.
- 4.3 Verduidelik hoe hierdie projek georganiseer sal word – wie sal betrokke wees.

[10]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: MUSIEK**VRAAG 5**

5.1 Vir elk van die maatsoorttekens hieronder, SKRYF 4 MATES MUSIEK waarin jy heel-, half-, kwart-, agste-, sestiende note en rustekens kan gebruik.

5.1.1 3
4 (4)

5.1.2 4
4 (4)

5.2 Hoe kan musiek 'n dans- of choreografie stuk beïnvloed? (2)
[10]

VRAAG 6

6.1 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Skryf net die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende nommer neer.

6.1.1 Die viool is 'n koper instrument. (1)

6.1.2 Die Afrika-trom behoort tot die Membranofoon kategorie. (1)

6.1.3 Die driehoek is 'n voorbeeld van 'n perkussie-instrument. (1)

6.1.4 Chordofone is instrumente met snare. (1)

6.1.5 Tenoor is 'n stem instrument. (1)

6.1.6 Elektroniese instrumente is klawerborde. (1)

6.2 Gebruik die korrekte woorde van die kassie hieronder om die daaropvolgende sinne te beantwoord. Skryf die korrekte woorde langs die korrekte nommer neer.

KORA	VIOOL	JEMBE	TROM
	KLARINET		PICCOLO
	KRAK	TJELLO	MARIMBA

6.2.1 Noem TWEE tradisionele klassieke-instrumente. (2)

6.2.2 Noem TWEE tradisionele Afrika-instrumente. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 7**

Lees die beskrywing van waar die spiere gevind kan word in die eerste kolom, skryf dan die naam van die spier/spiergroep en gee EEN anatomiese aksie van die spier. Skryf net die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende nommer neer.

- | | | | | | | |
|-----|---|--|---|-------|---------------------------|-----|
| 7.1 | Die boarm/skouer. Gee aan die skouer sy ronde voorkoms. | 7.1.1 | Gee die naam van die spier. | 7.1.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.2 | Die nek. Dit beweeg die kop. | 7.2.1 | Gee die naam van die spier. | 7.2.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.3 | Die boonste gedeelte van die binne boud. Die langste spier van die liggaam. | 7.3.1 | Gee die naam van die spier. | 7.3.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.4 | Die agterkant van die onderbeen. Dit gee die kuit sy ronde voorkoms. | 7.4.1 | Gee die naam van die spier. | 7.4.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.5 | Dit is 'n groep spiere wat in lae by die rugraat ahardloop. | 7.5.1 | Gee die naam van die spier. | 7.5.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.6 | Die agterste gedeelte van die boarm. | 7.6.1 | Gee die naam van die spier. | 7.6.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.7 | In die sitvlak. Dit is ook die grootste spier in die liggaam. | 7.7.1 | Gee die naam van die spier. | 7.7.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.8 | 'n Groep spiere in die voorste gedeelte van die bo-boud. Hulle kruis almal oor die kniegewrig. | 7.8.1 | Gee die naam van die spier. | 7.8.2 | Gee EEN anatomiese aksie. | (2) |
| 7.9 | Meervoudigekeuse-vrae – skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van die antwoord wat jy gekies het in jou ANTWOORDEBOEK. | | | | | |
| | 7.9.1 | Dorsifleksie is wanneer ... | | | | |
| | | A | die spiere saamtrek. | | | |
| | | B | jy die tone op na die skeen/maermerrie bring. | | | |
| | | C | die been uitgedraai is. | | | (1) |
| | 7.9.2 | Supinasie van die enkel is wanneer ... | | | | |
| | | A | die tone punt. | | | |
| | | B | die voet sekelvormig is. | | | |
| | | C | beweging na onder of na die voete toe is. | | | (1) |

7.9.3 Spiere word aan die been vasgeheg deur ...

- A 'n skede
- B 'n ligament.
- C 'n pees/tendon. (1)

7.9.4 'n Beweging na die middellyn van die liggaam staan bekend as ...

- A fleksie.
 - B ekstensie.
 - C adduksie. (1)
- [20]**

VRAAG 8

Mary kla van pyn en ongemak in haar knieë gedurende praktiese lesse en vind dit moeilik om ten volle deel te neem. Die pyn hou aan na klas en raak al hoe erger.

- 8.1 Identifiseer en klassifiseer die tipe besering wat Mary mag hê. (1)
 - 8.2 Identifiseer watter bindweefsel mag daarby betrokke wees. (1)
 - 8.3 Gee 'n lys van die moontlike oorsake van die besering. (4)
 - 8.4 Bespreek die voorkoming of, en onmiddellike- tot lang termyn behandeling van hierdie tipe besering. (4)
 - 8.5 Maak 'n lys van die algemene komplikasies na 'n besering en hoe dit jou oefening sal affekteer. (5)
- [15]**

VRAAG 9

- 9.1 Wat is soepelheid? (2)
 - 9.2 Hoekom dink jy is soepelheid belangrik in 'n danser se opleiding? (3)
 - 9.3 Hoe verhoog/verbeter jy soepelheid? (5)
- [10]**

VRAAG 10

- 10.1 Beskryf goeie postuur en belyning in dans. (2)
- 10.2 Noem DRIE van die hoofspiere wat vir 'n sterk kern verantwoordelik is. (3)
- 10.3 Verduidelik hoekom kernstabiliteit in dans belangrik is. (3)
- 10.4 Hoe word KERNSTABILITEIT gedurende oefening ontwikkel? (3)
- 10.2 Waarom is hidrasie (water) belangrik vir 'n danser, en hoe affekteer dit die liggaam? (4)

[15]**TOTAAL AFDELING C: 60****GROOTTOTAAL: 150**